# IN MEMORIAM PROF. DR. B. D. EERDMANS

Dit was altyd boeiend om die voorlesings van prof. dr. Eerdmans by te woon. Toe ek daartoe die voorreg gehad het, was prof. Eerdmans reeds aan die einde van sy professorale loopbaan en 'n ou man. Ondanks dit was hy egter steeds helder en wetenskaplik in sy betoog, en het hy blyke gegee van 'n groot geleerdheid en 'n uitgebreide en diepgaande kennis van sy vak en van die „Semitica" in die algemeen.

Wat opvallend was, was sy groot eerbied vir die oorgelewerde teks van die Ou Testament. Baie selde slegs het hy daartoe oorgegaan om 'n tekswysiging goed te keur. Ek herinner my hoe hy 'n aantal voorlesings gewy het aan die eksegese van Psalm 45. Deur verskillende kommentatore word hierin vele tekswysigings voorgestel. Prof. Eerdmans het ons toe duidelik laat sien dat hierdie byna almal onnodig en selfs skadelik was vir die beter verstaan van hierdie Psalm.

Prof. Eerdmans was verskeie jare lid van die parlement vir die Liberale Party. Hy het daarvan gehou om so nou en dan uit te wy oor die sake van die dag, en by sulke geleenthede het hy sy studente vaderlik vermaan en gewaarsku vir die sedelike verval van ons tyd.

Teen sosialistiese en pasifistiese neigings by sy leerlinge het hy hom meermale in privaat gesprekke direk uitgespreek.

Somtyds het 'n mens 'n mate van verbittering by hom bespeur, wat voortgespruit het uit 'n gevoel van miskenning vir sy wetenskaplike prestasies waar hy in sommige opsigte baanbrekerswerk verrig het, 'n gevoel wat veral gerig was teen sommige Duitse Oud-testamentici van die laaste jare.

Sy kerklike rigting was uitgesproke vrysinnig. Op sy wyse het hy egter altyd vir die belange van die Hervormde Kerk as volks-kerk op die bres gestaan.

In sy lange loopbaan — ek meen hy was 40 jaar lank professor — het daar voortdurend 'n stil, maar sterk invloed van hom uitgegaan.

By hierdie terugblik voel ons dankbaar dat ons sy leerling kon gewees het en bring ons hulde aan die nagedagtenis van sy persoon en werk.

W. VAN BERGEN.